# SODAT...

## Kom na Jesus tot SODAT jy soos Hy kan lyk

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 11 Mei 2025

**Johannes 17:13-23**

13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

14 Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

18 Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

**19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.**

20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo —

21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

22 En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Kom ons kyk weer na hierdie 3 verse, en laat toe dat die implikasies daarvan met ons praat...

17 **Heilig** hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

18 Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

19 En Ek **heilig** Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid **geheilig** kan wees.

**Heiligheid was Jesus se lewensmissie, die rede vir Jesus se koms en alles wat Hy gedoen het.**

Jesus bid vir almal wat hom ooit sal volg. En die kern van sy gebed is dat jy wat Hom volg heilig sal wees. Dit beteken dat heiligheid die kern van spiritualiteit is. Dat heiligheid die rede is dat Jesus gekom het, gesterf het en die dood oorwin het. Dit maak heiligheid die wese van ware spiritualiteit.

Heiligheid—nie 'n baie populêre woord in ons kultuur nie, nie 'n woord wat in die titel voorkom van geestelike topverkoperboeke nie.

Jesus is ure van sy dood af. In hoofstuk 16 is sy heel laaste lering. In hoofstuk 17 is sy heel laaste gebed in die openbaar. Hy bid terwyl sy dissipels luister.

Dis van Jesus se heel laaste woorde voor sy kruisiging.

Was jy al by iemand se sterfbed? Niemand praat in die laaste ure voor sy dood oor die weer of die Springbokke of sy kar of beleggings nie. As iemand op sy sterfbed vir jou iets sê dan wil Hy iets baie belangriks vir jou sê. Dis 'n kritieke uur, 'n uur van essensiële dinge, dinge wat regtig tel, ewig tel.

En in Jesus se laaste woorde wil Hy hê sy dissipels moet hoor waaroor sy hele lewe gegaan het, waarvoor Hy Homself oorgegee het, eenkant gesit het, toegewy het, geheilig het. En wat is dit? "Vader, Ek heilig Myself, sodat hulle heilig kan wees."

In werklikheid sê Jesus, "Die betekenis van my lewe, van alles wat ek doen en sê in hierdie wêreld is dat hulle wat in My glo heilig sal wees."

En so sê Jesus ook vir jou dat indien jy enige iets met Hom te doen wi hê, dan moet jy gewillig wees dat Hy jou heilig maak. Ek sê nie jy hoef éérs heilig te wórd voor jy Hom kan leer ken nie. Ek sê jy moet weet, as jy na Hom toe wil kom moet jy weet Hy wil iets met jou doen, Hy wil jou vorm om heilig te word soos Hy heilig is. Want dis al wat Hy met jou wil doen. Dis sy totale agenda met jou.

Jesus bid oor sy sending, sy missie. Vroeër in dieselfde evangelie van Johannes spel Hy hierdie missie uit…

**Johannes 3:16:17**

16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

17 Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.

Ook in hoofstuk 12

**Johannes 12:32**

En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.

Sy missie is om mense te trek, te red, en dan te verander.

En in die gebed wat ons in hoofstuk 17 gelees het sê Jesus dat sy dissipels dieselfde lewensmissie het, hulle moet ook mense na Hom toe trek.

**Johanes 17:18**

Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

Kom ons dink hieroor. Jesus sê Hy trek mense. En Hy stuur sy volgelinge om mense trek. Goed... maar as Hy sê Hy stuur hulle, waarméé stuur Hy hulle? Wat is hulle toerusting waarmee hulle mense moet trek?

Hy stuur sy volgelinge, en wat bid Hy moet hulle hê sodat hulle mense kan trek? Is dit besondere kennis, vernuf, opleiding, kursusse in oorreding?

Nee, Hy bid, “Vader maak hulle heilig soos wat Ek heilig is.”

Soms bid ons vir ons kinders, vir vriende wat onverskillig is, kollegas. Ons wil só graag hê hulle moet die Here volg. Jesus se laaste openbare gebed hier in Johannes 17 dwing ons om hoe

meer ons vir ander bid, hoe ernstiger ons ook vir onsself moet bid, "Here, as ek die een is wat hulle moet trek, verander my om hulle te trek soos U mense trek."

En wat het mense na Jesus toe getrek? Wie Hy wás, sy waagmoed, sy nederigheid, sy opoffering sy liefde, sy selfbeheersing, sy omgee, sy onselfsugtigheid, sy empatie, sy sensitiwiteit, belangstelling, sy persoonlike toewyding en spiritualiteit, sy geduld, sy woorde, sy vreugde, vrede… Al hierdie eienskappe kan met één woord beskryf word, *heiligheid*.

Jesus as mens was heilig, en sy heiligheid was ongelooflik aantreklik. En dis wat Hy met jou wil doen, Hy wil jou heilig maak, aantreklik maak.

"How little people know who think that holiness is dull. When one meets the real thing, it is irresistible." (C. S. Lewis)

"Vader, maak hulle heilig, soos Ek is, en stuur hulle om te doen wat Ek kom doen het, om mense te trek na hierdie heiligheid toe."

Sou jy na 'n persoonlike fiksheidsafrigter toe gaan wat nie tien tree kan draf nie, en wat twintig Hamburgers op 'n dag eet? Sou jy na jou vriendin se haarkapper toe gaan as haar hare soos 'n grasbesem met 'n senuweetoestand lyk?

Hoe kan ons mense na Jesus toe trek as hulle niks van sy heiligheid in ons sien nie?

Niks is belangriker as heiligheid nie.

"Vader, maak hulle heilig, want dan kan hulle mense na My toe trek…"

En kan jy dink hoe hierdie boodskap met my as prediker praat? Meer as my woorde, my boodskap is dit my lewe, my toewyding wat tel…

Heiligheid tre mense na Jesus toe. Maar dis nie al wat heiligheid doen nie. Dit stoot mense ook af. Jesus se lewe het mense getrek, en mense bedreig, mense gekonfronteer. Dit het mense Hom laat verwerp en doodmaak.

Op vele vlakke van die lewe is dit só. 'n Beeldskone vrou, byvoorbeeld. Hoe hou vriendinne nie

daarvan om met haar geassosieer te word nie… Maar terselfdertyd kan baie van hulle ook bedreig voel. Hulle wil haar kalklig deel, maar sal haar ook in die rug steek, haar skoonheid maak hulle jaloers, laat hulle bedreig voel. Dis hoe die lewe is.

Jesus se skoonheid het sy dood gekos. Heiligheid het 'n prys…

Maar, as heiligheid ons enigste toerusting is, moet ons twee vrae vra…

Wat is heiligheid? Wat steek die vlam van heiligheid aan?

**i. Wat is heiligheid?**

Kom ons dink eers aan die primêre, die oorspronklike betekenis van heiligheid. In die Ou Testament lees jy dikwels van dinge wat geheilig is, die berg waarop die wet gegee is, of 'n objek wat in die tempel gebruik is is geheilig.

Jy verstaan dit as jy dink aan wat Jesus sê, Hy sê, Ek heilig Myself."

Hoekom sou Hy dit sê. As om geheilig te word net beteken dat jou sonde of onreinheid weggeneem moet word, Jesus was sonder sonde…

- **Die fundamentele betekenis van heiligheid: Totale oorgawe, om vir één doel te leef.**

Die Jesus het Homself geheilig in die eerste, die primêre betekenis van die woord, naamlik om eenkant gesit te word vir net een ding, om geheel en al toegewyd te wees aan 'n saak of doel.

Ongeveer tien jaar gelede het ek myself geheilig. Toe ek jonk was het ek leer kitaar speel en liedjies begin skryf en sing. Dit het gelei na baie jare van 'n bediening buiten gemeentebediening. Maar gaandeweg het ek al hoe meer die agtergrondmusiek (trax) van die CD opnames gebruik en met optredes daarmee saam gesing. Of soms het ek 'n pianis gevra om my te begelei. En so het meer as drie dekades verby gegaan dat ek net my kitaar opgetel het as ek 'n liedjie wil skryf.

Maar met tyd het ek begin voel soos 'n verkuller. Ek was onbevredig. Ek het gevoel dit wat ek

doen is nie eg nie. En toe wy ek my toe aan een doel (wat my musiekbediening betref), naamlik om self die musiek te maak. Ek het myself daartoe geheilig…

Dit beteken natuurlik nie dat ek dag en nag begin kitaar speel het nie. Maar dit beteken wel dat ek my lewe so moes inrig dat ek dinge wat sou verhoed dat ek die nuwe doelwit kon bereik moes herprioritiseer. En hier op moedersdag eer ek die arme vrou wat in daardie tyd tot vervelens toe moes luister na my nuwe 'heilgheid', my nuwe toewyding.

Hoe hoër die doel, hoe meer ingrypend word die toewyding, die fokus, die oorheersende dryfkrag en prioriteit.

As Jesus sê, "Ek heilig Myself, Ek gee Myself volkome, vir die redding van hulle wat in My sal glo, sodat hulle soos Ek kan wees, hulleself weer kan heilig sodat ander in My kan glo," wat beteken dit vir jou lewe?

Dit beteken dat jou oorgawe aan die Here 'n heiliging is, 'n fokus, 'n oorheersende doelwit, "God, gehoordaamheid aan Hom, liefde vir Hom, sy woord, sy saak, sy kerk, sy evangelie, is nie meer 'n aspek van my lewe nie, dit is die oorheersende motivering vir alles wat ek doen en dink en begeer en is. Alle ander doelwitte is ondergeskik aan hierdie een ding. Ek het myself eenkant gesit, geheilig, vir een ding."

Die besluit kan nooit, ooit relatief wees nie. Die besluit is absoluut en onvoorwaardelik, "Dis my een en enigste doel. Om God te ekn en gehoorsaam en te dien, ongeag…"

Dit is hoekom heilgheid nie 'n opsie is nie. Daar is geen middelgrond nie. Óf jy het jouself totaal aan God oorgegee dat Hy jou gebruik, óf jy gebruik God.

Hoeveel mense is daar nie wat sê, "Ek het Christenskap probeer, maar dinge het vir my nie uitgewerk nie…" Wat hulle eintlik sê is, "Ek wou hê dinge moet vir my uitwerk, daar was dinge wat ek wou hê, en ek het Christenskap gebruik om dit te probeer bereik, maar Christenskap het my nie gehelp om te kry wat ek wou hê nie…" Kan jy sien, só 'n was geheilig, nie aan God nie, maar aan sy eintlike begeertes. God was nie sy een doelwit nie, God was die middel tot sy doelwitte. Dit kan die wonderlikste doelwitte wees, 'n liefde, 'n huwelik, gesondheid, kinders, as dit jou ware doelwitte is, is dit waaraan jy jouself heilig, en da is dit jou eintlike, en die ware God word dan net 'n gebruiksartikel, 'n middel tot 'n doel.

Die God van die Bybel vra 'n totale oorgawe. Selfs die beheer van jou lewe. Óf jou lewe gaan

daaroor dat God jou moet gebruik, óf dit gaan daaroor dat jy Gód gebruik.

Voorwaardelike oorgawe beteken bloot dat ’n mens dink jy weet meer as God. As hy doen wat jy voel die regte dinge vir jou lewe is, dan glo jy in Hom. God is God. Hy sê dat jy Hom moet gehoorsaam of jy dinge verstaan of nie verstaan nie, of dit vir jou uitwerk of nie uitwerk nie. Hy weet beter. En daarom vra Hy onvoorwaardelike oorgawe. Óf jy is bruikbaar vir Hom, in sy hande, óf jy wil Hom bruikbaar mak vir jou, ’n God in jóú hande...

In hierdie sin is heilgiheid nie geleidelik nie, maar absolut en eenmalig. Die keuse wie is God in jou lewe...

## Die konsekwente betekenis van heiligheid

Die uitvloeisel van die onvoorwaardelike fundamentele oorgawe, naamlik om vir een doel te lewe, is om gaandeweg al hoe meer verander te word.

Nou begin jy die vorige gode waaraan jy geheilig was raaksien, en God begin jou help om hulle al ho minder beheer oor jou te gee.

“Hoekom bly ek saam met hierdie man, al is ons nie getroud nie? Want ek is bevrees Hy sal andersins nie met my trou nie.” As jy aan God oorgee, sal hy jou help dat die vrees vir eensaamheid en verwerping nie meer jou god is nie. Ook nie die begeerte na romanse of seksuele intimiteit of finansiële sekuriteit nie... God roep jou tot ’n totale oorgawe om nie meer ’n verdeelde hart te hê nie.

So maak Hy ook met jou angste en vrese. Jou begeerte vir aanvaarding en populariteit. Jou vrese vir te min, vir finansiële tekorte. Jou vashou aan wrokke en woede.

Heiligheid is nie bloot ’n besef dat jy moet beter wees nie, of die ervaring van ’n skuldgevoel nie, “Ek behoort nie hierdie dinge in my lewe te hê nie...” Alhoelwel hierdie ook dinge kan wees wat nodig is op die pad na heiligheid...

Maar dit wat die deurslag gee op die pad van heiligheid is die wete, “Al is daar soveel dinge in my mondering, uit my verlede, in my persoonlikheid wat my bevrees, of ontevrede, of wraakgierig, of jaloers, of suinig, selfsugtig, wellustig wil maak, ek weet, hoe meer ek van Jesus leer, hoe meer ek Hom aanbid, hoe meer ek met Hom praat, hoe meer ek aan Hom dink, hoe meer sal Hy die houvas van hierdie dinge op my gemoed, my besluite, my lewe begin breek. Ek

sal dinge al hoe meer kan geniet sonder dat dinge op my 'n houvas sal hê. Want hulle is nie my lewe nie, die Here is my lewe."

Ons sien dus 'n onmiddelike, absolute heiligheid, in die eerste sin, die fundamentele sin, 'n totale oorgawe. En ook geleidelike, konsekwente heiligheid, die gevolg van die eerste oorgawe aan 'n lewe vir net een doel.

Ons het nie tyd om aan op 'n derde aspek van heilgheid uit te brei nie, maar sien hoe Jesus ook bid dat sy volgelinge *een* sal wees. Heiligheid is daarom nooit net 'n individuele pad nie (dit is dit ook), maar ook 'n pad saam met ander. Heiligheid buite verhouding, en buite die kerk, is 'n mite.

Maar kom ons vra laastens...

### ii. Wat steek die vlam van heiligheid aan?

Dikwels noem die Bybel heilgheid 'n vuur. Vuur op die berg omdat God se heilgheid daar is. Vuur in die bos as Moses God ontmoet en God sê, "Trek die skoene van jou voete af want die plek waarop jy staan is heilige grond." Heiligheid as die Heilige Gees soos valmme van vuur op Pinsterdag oor gelowiges kom.

Net soos met natuurlike vuur is dit met die vuur van heiligheid. Vir 'n gewone vuur om te brand is daar twee dinge nodig, brandstof, soos hout, of petrol teen 'n hoë genoeg temperatuur, en suurstof. Met net een van die twee sal daar geen vuur wees nie.

In Jesus se gebed sien ons die twee dinge wat die vlam van heiligheid laat brand.

- **Waarheid**

17 Heilig hulle in u waarheid; **u woord is die waarheid**.

Heilig hulle in **'u'** waarheid. Natuurlik is alle waarheid God se waarheid. Maar alle waarheid heilig 'n mens nie. Die waarheid van wiskundige wette, natuurwette, gramatiese wette, inginieurswette is deel van God se groot wonderlike skepping. Maar Jesus sonder 'n waarheid uit... 'u woord is die waarheid'.

Om jou hart oop te maak vir die prentjie van lewe wat die Skrif skets. Wat Jesus se eie lewe skets. Hy is self die woord, die Logos. Om Jesus te sien, die woord te sien, die wet te sien, en in die sien bewus te word van die kontras tussen jouself en die heiligheid van die waarheid van die woord. En dan te begeer om gevorm te word. Dis waarvoor Jesus bid.

"Those who follow Christ are destined to bear his image, and to be the brethren of the first-born Son of God. Their goal is to become "as Christ." Christ's followers always have his image before their eyes, and in its light all other images are screened from their sight. It penetrates to the depths of their being, fills them, and makes them more like their Master. The image of Jesus Christ impresses itself in daily communion on the image of the disciple. No follower of Jesus can contemplate his image in a spirit of cold detachment. That image has the power to transform our lives, and if we surrender ourselves utterly to him, we cannot help bearing his image ourselves. We become the sons of God, we stand side by side with Christ, our unseen Brother, bearing like him the image of God." (Dietrich Bonhoeffer)

Hierdie Meester roep jou na die woord, die waarheid, na Homself toe. Hy word die rede vir jou dag, die soeke van jou bewustheid, die bepaler van jou denke, besluite en dade.

Maar hierdie is nie 'n pad van selfbemagtigende oefening van wilskrag nie. Vir 'n Sondige mens om Jesus net as voorbeeld te sien, en die heiligheid in die Skrif as iets wat jy in jou eie strewe moet bereik, is om jouself op die pad na óf moedeloosheid óf hoogmoed en selfmisleiding te plaas. Só het Johannes in die begin van sy evangelie van Jesus geskryf:

**Johannes 1:14**

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

Saam met waarheid kom genade.

- **Genade**

Kyk weer wat bid Jesus...

19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.

Jesus sê Hy doen iets, Hy heilig Homself “vir ons” sodat ons in die waarheid geheilig kan wees. Hierdie werkwoord, ‘heilig’ se oorspronklike betenis help om om te verstaan.

Heilig—werkwoord: Om te sny, om afgesny te word...

God verskyn in die gedaante van ’n mens aan Abraham in Genesis 15 en maak ’n belofte dat Hy Abraham sal seën in sy lewe en dat sy nageslag gese¨nd en baie groot sal wees.

“Hoe sal ek dit weet” vra Abraham. Dan sê God dat Abraham diere moet doodmaak middeldeur moet sny. En skielik veander die toneel. God verskyn in ’n brandende, rokende vuur van ’n fakkel en beweeg tussen die stukke van die diere deur.

Abraham is verstom, en tereg ook. Want wat daar gebeur is ’n verbond. Só is groot ooreenkomste gesluit. As iemand tussen die stukke van die geslagte dier deur beweeg sê hy, “As ek nie my belofte gestand doen nie, mag ek self gesny word, afgesny word van die lewe, soos hierdie diere.”

So het mense ook met God ’n verbond gesluit. Maar vir God om te sê, “Ek sal sterf...” Wat ’n verbysterende oomblik. Abraham is verstom. God sê as my nageslag nie groot en wonderlik is nie, as hulle ni ’n seën vir die aarde sal wees nie, sal Hý sterf! Sal Hy van die lewe afgesny word.”

En dis die oorspronklike betekenis van die woord heilig.

As Jesus bid, “Vader Ek heilig Myself vir hulle...” is Hy besig om Homself te gee om binne ure afgesny te word...

Dit is wat die vuur van heiligheid elke week in ons aansteek met die nagmaal. Ons sien die afgesnyde, die heilige, en ons harte brand. En ons gee onsself vir Hom wat Homself vir ons gegee word. Ons aanskou Hom, en in die aanskoue begeer ons om soos Hy te word, en verander Hy ons...

**Ek kyk na Hom, en ek word soos Hy...**

**2 Korinthiërs 3:18**

En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ’n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

Voel jy vandag onheilig? Jy weet jy is nie op die plek waar jy moet wees nie. Sien Hom. Sien die prys. Hy kan die vuur van ’n heilige lewe weer in jou aan die brand steek.